## DEPARTMENT OF NATIONAL EDUCATION

**No. 1471** **14 July 1989**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

PROVISIONAL DECLARATION OF NATIONAL MONUMENTS.—THE SAMMY MARKS AND THE KYNOCH BUILDINGS, SITUATED IN CHURCH STREET, PRETORIA

In terms of section 5 (1) (c) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby provisionally declares the two buildings known as the Sammy Marks and the Kynoch Buildings, situated on Erven 335, 336 and the Remainder of Erf 337, in Church Street, Pretoria, as fully described below, to be national monuments.

*Description*

The two buildings known as the Sammy Marks and the Kynoch Buildings, situated on portions of the following erven:

(i) Certain Erf 335, situated on Church Street, in the City of Pretoria;

(ii) certain Erf 336, situated on Church Street, in the City of Pretoria; and

(iii) certain Remaining Portion of Erf 337, situated in Church Street, in the City of Pretoria.

Deed of Transfer 48626/1969, dated 7 November 1969 (par. 1, 2 and 3).

G. S. HOFMEYR,
Director: National Monuments Council.

**No. 1472** **14 July 1989**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

REGISTERING OF CONSERVATION-WORTHY IMMOVABLE PROPERTY

In terms of section 5 (1) (cC) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby makes an entry in the official register of the immovable property fully described in the Schedule hereto, which the Council regards as worthy of conservation on the grounds of its historical, cultural or aesthetic interest.

**SCHEDULE**

The Post Office Building, situated on Erf 16, in Voortrekker Street, Fauresmith.

Deed of Transfer 8490/1904, dated 4 June 1904.

G. S. HOFMEYR,
Director: National Monuments Council.

**No. 1473** **14 July 1989**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

PROVISIONAL DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT.—THE HISTORIC BOTSHABELO MISSION STATION, SITUATED ON THE FARM UITVLUGT 269 JS, DISTRICT OF MIDDELBURG

In terms of section 5 (1) (c) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby provisionally declares the

## DEPARTEMENT VAN NASIONALE OPVOEDING

**No. 1471** **14 Julie 1989**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VOORLOPIGE VERKLARING TOT NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE. — DIE SAMMY MARKS- EN DIE KYNOCHGEBOUE, GELEË IN KERKSTRAAT, PRETORIA

Kragtens artikel 5 (1) (c) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby die twee geboue bekend as die Sammy Marks- en die Kynochgebou, geleë op Erwe 335, 336 en die Restant van Erf 337, in Kerkstraat, Pretoria, soos hieronder volledig beskryf, voorlopig tot nasionale gedenkwaardighede.

*Beskrywing*

Die twee geboue bekend as die Sammy Marks- en die Kynochgebou, geleë op gedeeltes van die volgende erwe:

(i) Sekere Erf 335, geleë aan Kerkstraat, in die stad Pretoria;

(ii) sekere Erf 336, geleë aan Kerkstraat, in die stad Pretoria; en

(iii) sekere Resterende Gedeelte van Erf 337, geleë aan Kerkstraat, Pretoria.

Transportakte 48626/1969, gedateer 7 November 1969 (par. 1, 2 en 3).

G. S. HOFMEYR,
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

**No. 1472** **14 Julie 1989**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

INSKRYWING VAN BEWARENSWAARDIGE ONROERENDE GOED

Kragtens artikel 5 (1) (cC) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), maak die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby in die amptelike register 'n inskrywing van die onroerende goed in die Bylae hiervan volledig beskryf, wat die Raad bewarenswaardig ag om die historiese, kultureele of estetiese belang daarvan.

**BYLAE**

Die Poskantoorgebou, geleë op Erf 16, in Voortrekkerstraat, Fauresmith.

Transportakte 8490/1904, gedateer 4 Junie 1904.

G. S. HOFMEYR,
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

**No. 1473** **14 Julie 1989**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VOORLOPIGE VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID.—DIE HISTORIESE BOTSHABELO-SENDINGSTASIE, GELEË OP DIE PLAAS TOEVLUGT 269 JS, DISTRIK MIDDELBURG

Kragtens artikel 5 (1) (c) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede-

110

historic Botshabelo Mission Station, situated on the farm Toevlugt 269 JS, in the district of Middelburg, together with 100 metres of surrounding land, as fully described below, to be a national monument.

*Description*

The historic Botshabelo Mission Station, together with 100 metres of surrounding land, situated on a portion of Portion 6 of the farm Toevlugt 269, Registration Division JS, Transvaal.

Deed of Transfer T9103/1979, dated 20 March 1979.

G. S. HOFMEYR,
Director: National Monuments Council.

hierby die historiese Botshabelo-Sendingstasie, geleë op die plaas Toevlugt 269 JS, in die distrik Middelburg, tesame met 100 meter grond daaromheen, soos hieronder volledig beskryf, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die historiese Botshabelo-sendingstasie, tesame met 100 meter grond daaromheen, geleë op 'n gedeelte van Gedeelte 6 van die plaas Toevlugt 269, Registrasieafdeling JS, Transvaal.

Transportakte T9103/1979, gedateer 20 Maart 1979.

G. S. HOFMEYR,
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

---

**No. 1474** **14 July 1989**

NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

PROVISIONAL DECLARATION OF A NATIONAL MONUMENT.—THE PROPERTY KNOWN AS TABORA, SITUATED AT 22 BOSHOFF AVENUE, NEWLANDS, CAPE TOWN

In terms of section 5 (1) (c) of the National Monuments Act, 1969 (Act No. 28 of 1969), the National Monuments Council hereby provisionally declares the property known as Tabora, situated at 22 Boshoff Avenue, Newlands, Cape Town, as fully described below, to be a national monument.

*Description*

The property known as Tabora, including the building complex and all the structures thereon, being the Remainder of Erf 49925, Cape Town, at Newlands, situated in the City of Cape Town, Cape Division, in extent 7 275 (seven thousand two hundred and seventy-five) square metres.

Deed of Transfer T22515/1987, dated 25 May 1987.

G. S. HOFMEYR,
Director: National Monuments Council.

**No. 1474** **14 Julie 1989**

WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

VOORLOPIGE VERKLARING VAN 'N NASIONALE GEDENKWAARDIGHEID.—DIE EIENDOM BEKEND AS TABORA, GELEË TE BOSHOFFLAAN 22, NUWELAND, KAAPSTAD

Kragtens artikel 5 (1) (c) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet No. 28 van 1969), verklaar die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede hierby die eiendom bekend as Tabora, geleë te Boshofflaan 22, Nuweland, Kaapstad, soos hieronder volledig beskryf, voorlopig tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom bekend as Tabora, met inbegrip van die gebouekompleks en al die strukture daarop, synde die Restant van Erf 49925, Kaapstad, te Nuweland, geleë in die Stad Kaapstad, Kaapse Afdeling, en groot 7 275 (seweduisend tweehonderd vyf-en-sewentig) vierkante meter.

Transportakte T22515/1987, gedateer 25 Mei 1987.

G. S. HOFMEYR,
Direkteur: Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede.

---

**No. 1477** **14 July 1989**

**BUREAU OF HERALDRY**

REGISTRATION OF HERALDIC REPRESENTATIONS AND A NAME

The Bureau of Heraldry hereby gives notice in terms of section 10 of the Heraldry Act, 1962 (Act No. 18 of 1962), that the undermentioned have been registered with the Bureau of Heraldry, Private Bag X236, Pretoria, 0001.

*H4/3/1/3149:* The arms of **Panorama Co-operative Group Schemes Limited,** as erroneously published under the name Panorama Insurance Brokers and Investment Company (Pty) Ltd under Government Notice No. 623 of 7 April 1989.

*H4/3/1/3182:* The arms of the **Urological Association of South Africa,** as published under Government Notice No. 872 of 5 May 1989.

*H4/3/1/3254:* The arms of the **Durban College of Education,** as published under Government Notice No. 623 of 7 April 1989.

*H4/3/1/3283:* The arms of the **Mpondozankomo Technical College,** as published under Government Notice No. 623 of 7 April 1989.

**No. 1477** **14 Julie 1989**

**BURO VIR HERALDIEK**

REGISTRASIE VAN HERALDIESE VOORSTELLINGS EN 'N NAAM

Die Buro vir Heraldiek gee hierby ingevolge artikel 10 van die Heraldiekwet, 1962 (Wet No. 18 van 1962), kennis dat die ondergenoemde by die Buro vir Heraldiek, Privaatsak X236, Pretoria, 0001, geregistreer is.

*H4/3/1/3149:* Die wapen van **Panorama Koöperatiewe Groepskemas Beperk,** soos foutief onder die naam Panorama Versekeringsmakelaars en Beleggingsmaatskappy (Edms.) Bpk. by Goewermentskennisgewing No. 623 van 7 April 1989 gepubliseer.

*H4/3/1/3182:* Die wapen van die **Urologiese Vereniging van Suid-Afrika,** soos by Goewermentskennisgewing No. 872 van 5 Mei 1989 gepubliseer.

*H4/3/1/3254:* Die wapen van die **Durbanse Onderwyskollege,** soos by Goewermentskennisgewing No. 623 van 7 April 1989 gepubliseer.

*H4/3/1/3283:* Die wapen van die **Tegniese Kollege Mpondozankomo,** soos by Goewermentskennisgewing No. 623 van 7 April 1989 gepubliseer.

111